Die Stadsraad van Vereeniging gee hiermee ingevolge artikel 56 van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986, kennis dat mnre. H. A. van Aswegen, Stads- en Streekbeplanners, namens Orwell Construction (Property) Limited, aansoek gedoen het om die wysiging van die dorpsbeplanningskema, bekend as Vereeniging-dorpsbeplanningskema, 1992, deur die herosenering van Erwe 55, 56, Gedeelte 1 en die Festerende Gedeelte van Erf 30, Vereeniging, vanaf "Besigheid 4" na "Spesiaal" vir 'n motorverkoopmark.

Besonderhede van die aansoek lê ter insae gedurende gewone kantoorure by die kantoor van die Stadsingenieur, Kamer 301, Municipale Kantoorblok, Beaconsfieldlaan, Vereeniging, vir 'n tydperk van 28 dae vanaf 2 Maart 1994.

Besware teen of verhoë ten opsigte van die aansoek moet binne 'n tydperk van 28 dae vanaf 2 Maart 1994 skriftelik by of tot die Stadsklerk by bovermelde adres of by Posbus 35, Vereeniging, 1930, ingedien of gerig word.

G. KÜHN,
Stadsklerk.

(Kennisgewing No. 23/1994)

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 717**STADSRAAD VAN VEREENIGING**

KENNISGEWING VAN AANSOEK OM WYSIGING VAN DORPSBEPLANNINGSKEMA INGEVOLGE ARTIKEL 56 VAN DIE ORDONNANSIE OP DORPSBEPLANNING EN DORPE, 1986 (ORDONNANSIE No. 15 VAN 1986)

VEREENIGING-WYSIGINGSKEMA N43

Die Stadsraad van Vereeniging gee hiermee ingevolge artikel 56 van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986, kennis dat mnre. H. A. van Aswegen, Stads- en Streekbeplanners, namens Johannes Jacobus Cornelius Kruger, aansoek gedoen het om die wysiging van die dorpsbeplanningskema bekend as Vereeniging-dorpsbeplanningskema, 1992, deur die herosenering van Gedeelte 2 van Erf 498, Vereeniging, vanaf "Besigheid 4" na "Besigheid 4" met 'n bylae vir 290 m² algemene besigheidsregte.

Besonderhede van die aansoek lê ter insae gedurende gewone kantoorure by die kantoor van die Stadsingenieur, Kamer 301, Municipale Kantoorblok, Beaconsfieldlaan, Vereeniging, vir 'n tydperk van 28 dae vanaf 2 Maart 1994.

Besware teen of verhoë ten opsigte van die aansoek moet binne 'n tydperk van 28 dae vanaf 2 Maart 1994, skriftelik by of tot die Stadsklerk by bovermelde adres of by Posbus 35, Vereeniging, 1930, ingedien of gerig word.

G. KÜHN,
Stadsklerk.

(Kennisgewing No. 25/1994)

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 718**STADSRAAD VAN VEREENIGING**

KENNISGEWING VAN AANSOEK OM WYSIGING VAN DORPSBEPLANNINGSKEMA INGEVOLGE ARTIKEL 56 VAN DIE ORDONNANSIE OP DORPSBEPLANNING EN DORPE, 1986 (ORDONNANSIE No. 15 VAN 1986)

VEREENIGING-WYSIGINGSKEMA N45

Die Stadsraad van Vereeniging gee hiermee ingevolge artikel 56 van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986, kennis dat mnre. H. A. van Aswegen, Stads- en Streekbeplanners, namens Stadsraad van Vereeniging in oordrag aan Terblanche Transport, aansoek gedoen het om die wysiging van die dorpsbeplanningskema bekend as Vereeniging-dorpsbeplanningskema, 1992, deur die herosenering van Erf 1209, Vereeniging-uitbreiding 2, vanaf "Municipaal" na "Nywerheid 1" vir die uitbreiding van 'n vervoeronderneming.

LOCAL AUTHORITY NOTICE 716**CITY COUNCIL OF VEREENIGING**

NOTICE OF APPLICATION FOR AMENDMENT OF TOWN-PLANNING SCHEME IN TERMS OF SECTION 56 OF THE TOWN-PLANNING AND TOWNSHIPS ORDINANCE, 1986 (ORDINANCE No. 15 OF 1986)

VEREENIGING AMENDMENT SCHEME N44

The City Council of Vereeniging, hereby gives notice in terms of section 56 of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986, that Messrs H. A. van Aswegen, Town and Regional Planners, on behalf of Orwell Construction (Property) Limited, has applied for the amendment of the town-planning scheme, known as Vereeniging Town-planning Scheme, 1992, by the rezoning of Erven 55 and 56, Portion 1 and the Remainder Portion of Erf 30, Vereeniging, from "Business 4" to "Special" for a motor mart.

Particulars of the application will lie for inspection during normal office hours at the office of the City Engineer, Room 301, Municipal Offices, Beaconsfield Avenue, Vereeniging, for a period of 28 days from 2 March 1994.

Objections to or representations in respect of the application must be lodged with or made in writing to the Town Clerk at the above address or at P.O. Box 35, Vereeniging, 1930, within a period of 28 days from 2 March 1994.

G. KÜHN,
Town Clerk.
(Notice No. 23/1994)

2-9

LOCAL AUTHORITY NOTICE 717**CITY COUNCIL OF VEREENIGING**

NOTICE OF APPLICATION FOR AMENDMENT OF TOWN-PLANNING SCHEME IN TERMS OF SECTION 56 OF THE TOWN-PLANNING AND TOWNSHIPS ORDINANCE, 1986 (ORDINANCE No. 15 OF 1986)

VEREENIGING AMENDMENT SCHEME N43

The City Council of Vereeniging, hereby gives notice in terms of section 56 of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986, that Messrs H. A. van Aswegen, Town and Regional Planners, on behalf of Johannes Jacobus Cornelius Kruger, has applied for the amendment of the town-planning scheme known as Vereeniging Town-planning Scheme, 1992, by the rezoning of Portion 2 of Erf 498, Vereeniging, from "Business 4" to "Business 4" with an annexure for 290 m² general business rights.

Particulars of the application will lie for inspection during normal office hours at the office of the City Engineer, Room 301, Municipal Offices, Beaconsfield Avenue, Vereeniging, for a period of 28 days from 2 March 1994.

Objections to or representations in respect of the application must be lodged with or made in writing to the Town Clerk at the above address or at P.O. Box 35, Vereeniging, 1930, within a period of 28 days from 2 March 1994.

G. KÜHN,
Town Clerk.
(Notice No. 25/1994)

2-9

LOCAL AUTHORITY NOTICE 718**CITY COUNCIL OF VEREENIGING**

NOTICE OF APPLICATION FOR AMENDMENT OF TOWN-PLANNING SCHEME IN TERMS OF SECTION 56 OF THE TOWN-PLANNING AND TOWNSHIPS ORDINANCE, 1986 (ORDINANCE No. 15 OF 1986)

VEREENIGING AMENDMENT SCHEME N45

The City Council of Vereeniging, hereby gives notice in terms of section 56 of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986, that Messrs H. A. van Aswegen, Town and Regional Planners, on behalf of the City Council of Vereeniging in transportation to Terblanche Transport, has applied for the amendment of the town-planning scheme known as Vereeniging Town-planning Scheme, 1992, by the rezoning of Erf 1209, Vereeniging Extension 2, from "Municipal" to "Industrial 1" for the extension of the transport business.

Besonderhede van die aansoek lê ter insae gedurende gewone kantoorure by die kantoor van die Stadsingenieur, Kamer 301, Municipale Kantoorblok, Beaconsfieldlaan, Vereeniging, vir 'n tydperk van 28 dae vanaf 2 Maart 1994.

Besware teen of verhoë ten opsigte van die aansoek moet binne 'n tydperk van 28 dae vanaf 2 Maart 1994 skriftelik by of tot die Stads-klerk by bovermelde adres of by Posbus 35, Vereeniging, 1930, ingedien of gerig word.

G. KÜHN,
Stadsklerk.

(Kennisgewing No. 24/1994)

Particulars of the application will lie for inspection during normal office hours at the office of the City Engineer, Room 301, Municipal Offices, Beaconsfield Avenue, Vereeniging, for a period of 28 days from 2 March 1994.

Objections to or representations of the application must be lodged with or made in writing to the Town Clerk at the above address or at P.O. Box 35, Vereeniging, within a period of 28 days from 2 March 1994.

G. KÜHN,
Town Clerk.
(Notice No. 24/1994)

2-9

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 724

STADSRAAD VAN WITBANK

ONDERVERDELING VAN GEDEELTE 53 VAN HOEWE 30, DIXON-LANDBOUHOEWES JS

Die Stadsraad van Witbank gee hiermee ingevolge die bepalings van artikel 6 (8) (a) van die Ordonnansie op die Verdeling van Grond, 1986, kennis dat 'n aansoek ontvang is vir die onderverdeling van Gedeelte 53 van Hoewe 30, Dixon-landbouhoewes JS.

Verdere besonderhede van die aansoek lê ter insae by die kantoor van die Stadsekretaris, Administratiewe Sentrum, Presidentlaan, Witbank.

Enige persoon wat teen die voorgestelde onderverdeling beswaar wil maak of verhoë in verband daarmee wil rig, moet sy beswaar of verhoë skriftelik by die ondergetekende voor of op 29 Maart 1994 indien.

Beskrywing van grond: Gedeelte 53 van Hoewe 30, Dixon-landbouhoewes JS, om onderverdeel te word in twee gedeeltes onderskeidelik 8 565 m² en 1,5375 ha.

J. H. PRETORIUS,
Stadsklerk.

Administratiewe Sentrum, Presidentlaan, Posbus 3, Witbank, 1035.
(Kennisgewing No. 21/1994)

LOCAL AUTHORITY NOTICE 724

TOWN COUNCIL OF WITBANK

SUBDIVISION OF PORTION 53 OF HOLDING 30, DIXON AGRICULTURAL HOLDINGS JS

Notice is hereby given in terms of the provisions of section 6 (8) (a) of the Ordinance on the Subdivision of Land, 1986, that an application for the subdivision of the Remainder of Portion 53 of Holding 30, Dixon Agricultural Holdings JS, has been received by the Town Council of Witbank.

Particulars of the proposed subdivision are open for inspection at the office of the Town Secretary, Administrative Centre, President Avenue, Witbank, during normal office hours.

Any person who wishes to object to or make representations regarding the proposed subdivision must lodge such objection or representation in writing at the undersigned on or before 29 March 1994.

Description of property: Portion 53 of Holding 30, Dixon Agricultural Holdings JS, to be subdivided into two portions measuring respectively 8 565 m² and 1,5375 hectares.

J. H. PRETORIUS,
Town Clerk.

Administrative Centre, President Avenue, P.O. Box 3, Witbank, 1035.

(Notice No. 21/1994)

2-9

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 741

STAD BENONI

KENNISGEWING VAN BENONI-WYSIGINGSKEMA 1/588

Kennis geskied hiermee, ingevolge die bepalings van artikel 57 (1) (a) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986, dat die Stadsraad van Benoni, goedkeuring verleen het vir die wysiging van die Benoni-dorpsbeplanningskema, 1/1947, deur die hersoneering van Erf 5653, Benoni-uitbreiding 16-dorpsgebied, vanaf die huidige sonering, naamlik "Spesiaal" vir godsdienstige doeleindes na "Residensieel 1" met 'n digtheid van een woonhuis per 500 m².

'n Afskrif van hierdie wysigingskema lê te alle redelike tye ter insae in die kantore van die Hoofdirekteur, Transvaalse Provinsiale Administrasie, Gemeenskapsontwikkeling, Germiston, asook die Stadsklerk, Benoni.

Hierdie wysiging staan bekend as Benoni-wysigingskema 1/588 en tree in werking op 9 Maart 1994.

H. P. BOTHA,
Stadsklerk.

Administratiewe Gebou, Municipale Kantore, Elstonlaan, Benoni, 1501.

9 Maart 1994.

(Kennisgewing No. 29/1994)

LOCAL AUTHORITY NOTICE 741

CITY OF BENONI

NOTICE OF BENONI AMENDMENT SCHEME 1/588

Notice is hereby given in terms of the provisions of section 57 (1) (a) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986, that the City Council of Benoni approved the amendment of the Benoni Town-planning Scheme, 1/1947, through the rezoning of Erf 5653, Benoni Extension 16 Township, from the present zoning, i.e. "Special" for religious purposes, to "Residential 1" with a density of one dwelling per 500 m².

A copy of this amendment scheme will lie for inspection at all reasonable times at the offices of the Chief Director, Transvaal Provincial Administration, Community Development Branch, Germiston, as well as the Town Clerk, Benoni.

This amendment is known as Benoni Amendment Scheme 1/588 and will come into operation on 9 March 1994.

H. P. BOTHA,
Town Clerk.

Administrative Building, Municipal Offices, Elston Avenue, Benoni, 1501.

9 March 1994.

(Notice No. 29/1994)

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 742**STADSRAAD VAN BOKSBURG****KENNISGEWING VAN AANSOEK OM STIGTING VAN DORP****KENNISGEWING 38 VAN 1994**

Die Stadsraad van Boksburg gee hiermee ingevolge artikel 69 (6) (a) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986 (Ordonnansie No. 15 van 1986), kennis dat 'n aansoek om die dorp in die Bylae hierby genoem, te stig deur hom ontvang is.

Besonderhede van die aansoek lê ter insae gedurende gewone kantoorure by die kantoor van die Uitvoerende Hoof/Stadsklerk, Kantoor 202, Burgersentrum, Trichardtsweg, Boksburg, vir 'n tydperk van 28 dae vanaf 9 Maart 1994.

Besware teen of vetoë ten opsigte van die aansoek moet binne 'n tydperk van 28 dae vanaf 9 Maart 1994, skriftelik en in tweevoud by of tot die Uitvoerende Hoof/Stadsklerk by bovermelde adres of by Posbus 215, Boksburg, 1460, ingedien of gerig word.

J. J. COETZEE,

Uitvoerende Hoof/Stadsklerk.

BYLAE

Naam van dorp: Jansenpark-uitbreiding 13.

Volle naam van aansoeker: Donald McLennan.

Aantal erwe in voorgestelde dorp: Residensieel 1:29.

Beskrywing van grond waarop dorp gestig staan te word: Hoewe 25, Ravenswood-landbouhoewes-nedersetting.

Ligging van voorgestelde dorp: Noord van en aangrensend aan Olivaweg, wes van en aangrensend aan Sydneyweg en oos van en aangrensend aan Vickersstraat.

Opmerkings: Toestemming van die houer van die regte op minerale word ingewag.

Verwysing No.: 14/19/3/J1/13.

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 743**STADSRAAD VAN BRAKPAN****WYSIGING VAN DIE TARIEF VAN GELDE VIR DIE LEWERING VAN WATER**

Hiermee word ooreenkomstig artikel 80B, van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, bekendgemaak dat die Raad, by spesiale besluit, die Tarief van Gelde vir die Lewering van Water afgekondig by Kennisgewing 96 van 1993, gedateer 4 Augustus 1993, met ingang 1 Februarie 1994, gewysig het.

Die algemene strekking van die wysiging is om voorsiening te maak vir 'n bykomende tarief vir die heraansluiting van die toevoer na enige perseel nadat 'n vloei-verminderingsmeganisme geïnstalleer is of nadat voorsiening by die hoofpyp gestaak is.

Besonderhede oor die wysiging is gedurende gewone kantoorure by die Burgersentrum, Escombelaan, Brakpan, ter insae tot 25 Maart 1994.

Enige persoon wat beswaar wil maak teen die bogenelde wysiging moet dit skriftelik rig aan die ondergetekende nie later nie as 25 Maart 1994.

M. J. HUMAN,

Stadsklerk.

Burgersentrum, Brakpan.

(Kennisgewing No. 16/1994-02-14)

LOCAL AUTHORITY NOTICE 742**CITY COUNCIL OF BOKSBURG****NOTICE OF APPLICATION FOR ESTABLISHMENT OF TOWNSHIP****NOTICE 38 OF 1994**

The City Council of Boksburg, hereby gives notice in terms of section 69 (6) (a) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986 (Ordinance No. 15 of 1986), that an application to establish the township referred to in the Annexure hereto, has been received by it.

Particulars of the application will lie for inspection during normal office hours at the office of the Chief Executive/Town Clerk, Office 202, Civic Centre, Trichardts Road, Boksburg, for a period of 28 days from 9 March 1994.

Objections to or representations in respect of the application must be lodged with or made in writing and in duplicate to the Chief Executive/Town Clerk at the above address or at P.O. Box 215, Boksburg, 1460, within a period of 28 days from 9 March 1994.

J. J. COETZEE,

Chief Executive/Town Clerk.

ANNEXURE

Name of township: Jansenpark Extension 13.

Full name of applicant: Donald McLennan.

Number of erven in proposed township: Residential 1:29.

Description of land on which township is to be established: Holding 25, Ravenswood Agricultural Holdings Settlement.

Situation of proposed township: North of and abutting Olivia Road, west of and abutting Sydney Road and east of and abutting Vickers Street.

Remarks: Consent of the holder of the rights to mineral being awaited.

Reference No.: 14/19/3/J1/13.

9-16

LOCAL AUTHORITY NOTICE 743**TOWN COUNCIL OF BRAKPAN****AMENDMENT OF TARIFF OF CHARGES FOR THE SUPPLY OF WATER**

Notice is hereby given in terms of section 80B, of the Local Government Ordinance, 1939, that the Town Council of Brakpan has, by special resolution, further amended the Tariff of Charges for the Supply of Water promulgated by Notice 96 of 1993, dated 4 August 1993, as amended with effect from 1 February 1994.

The general purport of the amendment is to provide for an additional tariff for the reconnection of the supply to any premises following the installation of a flow reduction mechanism or after supply is disconnected at the main pipe.

Particulars of the amendment lie open for inspection during ordinary office hours at the Civic Centre, Escombe Avenue, Brakpan, until 25 March 1994.

Any person desirous of objecting to the afore-mentioned amendment must do so in writing to the undersigned not later than 25 March 1994.

M. J. HUMAN,

Town Clerk.

Civic Centre, Brakpan.

(Notice No. 16/1994-02-14)

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 744**STADSRAAD VAN EDENVALE****PLAASLIKE GEREGISTREERDE EFFEKTE**

13,1%—1976/1997—Lening No. 26
 10,78%—1978/1998—Lening No. 29
 10,80%—1978/2003—Lening No. 30

Die nominale register en oordragboeke vir bovermelde effekte sal ooreenkomstig artikel 19 van Ordonnansie No. 3 van 1903, gesluit wees vanaf 15 Maart 1994 tot en met 31 Maart 1994. Rente betaalbaar op 31 Maart 1994 sal betaal word aan effektehouers wat geregistreer is op die sluitingsdatum.

P. J. JACOBS,
 Stadsclerk.

Munisipale Kantore, Posbus 25, Edenvale, 1610.

9 Maart 1994.

(Kennisgewing No. 28/1994)

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 745**STADSRAAD VAN EVANDER****WYSIGING VAN DIE STANDAARD STRAAT- EN DIVERSE VERORDENINGE**

Kennis geskied hiermee ingevolge die bepalings van artikel 96 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939 (Ordonnansie No. 17 van 1939), dat die Stadsraad van Evander van voornemens is om die Standaard Straat- en Diverseverordeninge, afgekondig by Administrateurskennisgewing No. 368 van 14 Maart 1973, soos gewysig, verder te wysig.

Die algemene strekking van die voorgename wysiging is om gebreke in die huidige beheermaatreëls reg te stel.

Afskrifte van die voorgename wysiging lê ter insae gedurende kantoor-ure in die kantore van die Raad vir 'n tydperk van veertien (14) dae vanaf die datum van publikasie van hierdie kennisgewing in die *Offisiële Koerant*.

Enige persoon wat beswaar teen die voorgenoemde wysiging wens aan te teken, moet dit skriftelik by die Uitvoerende Hoof/Stadsclerk doen binne veertien (14) dae na die datum van publikasie van hierdie kennisgewing in die *Offisiële Koerant*.

G. ESTERHUIZEN,
 Uitvoerende Hoof/Stadsclerk.

Burgersentrum, Bolognaweg, Privaatsak X1017, Evander, 2280.

9 Maart 1994.

[Tel. No. (0136) 2-2231/5.]

[Fax No. (0136) 2-3144.]

(Kennisgewing No. 2/1994)

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 746**STADSRAAD VAN FOCHVILLE****WYSIGING VAN GELDE VIR DIE VOORSIENING VAN ELEKTRISITEIT**

Ooreenkomstig artikel 80B (8) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, word hiermee bekendgemaak dat die Stadsraad, by spesiale besluit, die gelde wat vir die voorsiening van elektrisiteit vasgestel is, met ingang van 1 Februarie 1994, verder gewysig het.

Die algemene strekking van die wysiging is om die verhoging in die aankoopprys van elektrisiteit vanaf Eskom, aan die verbruiker oor te dra.

Afskrifte van die besluite en besonderhede van die wysigings lê gedurende kantoorure ter insae by die kantoor van die Stadsekretaris, Munisipale Kantoor, Fochville, vir 'n tydperk van 14 dae vanaf die datum van die publikasie hiervan.

LOCAL AUTHORITY NOTICE 744**TOWN COUNCIL OF EDENVALE****LOCAL REGISTERED STOCK**

13,1%—1976/1997—Loan No. 26
 10,78%—1978/1998—Loan No. 29
 10,80%—1978/2003—Loan No. 30

The nominal register and transfer books of the above-mentioned stock will be closed in terms of section 19 of Ordinance No. 3 of 1903, as from 15 March 1994 until 31 March 1994, both dates inclusive, and interest payable in respect thereof on the 31 March 1994, will be paid to the registered stockholders at the closing date.

P. J. JACOBS,
 Town Clerk.

Municipal Offices, P.O. Box 25, Edenvale, 1610.

9 March 1994.

(Notice No. 28/1994)

LOCAL AUTHORITY NOTICE 745**TOWN COUNCIL OF EVANDER****AMENDMENT TO THE STANDARD STREET AND MISCELLANEOUS BY-LAWS**

Notice is hereby given in terms of the provisions of section 96 of the Local Government Ordinance, 1939 (Ordinance No. 17 of 1939), that the Town Council of Evander proposes to amend the Standard Street and Miscellaneous By-laws published under Administrator's Notice No. 368, dated 14 March 1973.

The general purport of the proposed amendment is to rectify deficiencies in the existing control measures.

Copies of this proposed amendment are open for inspection during office hours at the offices of the Council for a period of fourteen (14) days from publication of this notice in the *Official Gazette*.

Any person desirous to record his objection to the said proposed amendments, must do so in writing to the Chief Executive/Town Clerk within fourteen (14) days after publication of this notice in the *Official Gazette*.

G. ESTERHUIZEN,
 Chief Executive/Town Clerk.

Civic Centre, Bologna Road, Private Bag X1017, Evander, 2280.

9 March 1994.

[Tel. No. (0136) 2-2231/5.]

[Fax No. (0136) 2-3144.]

(Notice No. 2/1994)

LOCAL AUTHORITY NOTICE 746**TOWN COUNCIL OF FOCHVILLE****AMENDMENT OF CHARGES FOR THE SUPPLY OF ELECTRICITY**

In accordance with section 80B (8) of the Local Government Ordinance, 1939, notice is hereby given that the Council resolved, by special resolution, to further amend the charges which have been determined for the supply of electricity with effect from 1 February 1994.

The general purport of the proposed amendment is to transfer to the consumer the increase in the purchase price of electricity from Eskom.

Copies of the resolution and particulars of the amendments are open for inspection during office hours at the office of the Town Secretary, Municipal Office, Fochville, for a period of 14 days from date of publication hereof.

Enige persoon wat beswaar teen die wysiging wil maak moet dit skriftelik binne 14 dae na die datum van publikasie van hierdie kennisgewing, by die ondergetekende doen.

A. W. RHEEDER,
Stadsklerk.

Munisipale Kantore, Posbus 1, Fochville, 2515.

14 Februarie 1994.

(Kennisgewing No. 4/9/3/1994)

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 747

STAD JOHANNESBURG

SLUITING EN VERKOOP VAN GEDEELTE VAN ERF 678, MEREDALE-UITBREIDING 7

[Kennisgewing ingevolge artikels 68 en 79 (18) (b) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939]

Die Raad is voornemens om die park op 'n gedeelte van Erf 678, Meredale-uitbreiding 7, permanent te sluit en dit per tender of openbare veiling te verkoop.

Besonderhede van die Raad se besluit en 'n plan van die gedeelte van die erf wat gesluit en verkoop gaan word, is gedurende gewone kantoorure ter insae in Kamer S216, Tweede Verdieping, Burgersentrum, Braamfontein, Johannesburg.

Enigeen wat teen die beoogde sluiting of verkoop beswaar wil aanteken, of wat 'n eis om vergoeding sal hê indien die sluiting bewerkstellig word, moet sodanige beswaar of eis teen uiters 8 April 1994 by my indien.

N. PADAYACHEE,
Waarnemende Stadsklerk.

Burgersentrum, Braamfontein, Posbus 1049, Johannesburg, 2000.

9 Maart 1994.

(M31/678)

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 748

STAD JOHANNESBURG

KENNISGEWING VAN ONTWERPSKEMA

(WYSIGINGSKEMA 4558)

Die Stadsraad van Johannesburg gee hierby ingevolge artikel 28 (1) (a) gelees saam met artikel 55 van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986 (Ordonnansie No. 15 van 1986), kennis dat 'n ontwerp- dorpsbeplanningskema, wat as Johannesburgse Wysigingskema 4558 bekend gaan staan, deur hom opgestel is.

Hierdie skema is 'n wysigingskema en bevat die volgende voorstelle:

Om Gedeelte 202 van Erf 461, Westbury-uitbreiding 3, te hersooneer na "Residensieel 1", 1 woonhuis per 100 m² na "Besigheid 1".

Die uitwerking hiervan is om die erf te verkoop met "Besigheid 1" regte.

Die ontwerpskema is vir 'n tydperk van 28 dae vanaf 9 Maart 1994 gedurende gewone kantoorure ter insae in die kantoor van die Stadsklerk, p.a. Die Stadsbeplanningsdepartement, Sewende Verdieping, Burgersentrum, Braamfontein, Johannesburg.

Besware teen of vertoë in verband met die skema moet binne 'n tydperk van 28 dae vanaf 9 Maart 1994 skriftelik by die Stadsklerk by bogenoemde adres besorg of aan Posbus 30733, Braamfontein, 2017, gerig word.

G. N. PADAYACHEE,
Stadsklerk.

Burgersentrum, Braamfontein, Johannesburg.

Any person desiring to object to the amendment must do so in writing to the undersigned within 14 days of publication of this notice.

A. W. RHEEDER,
Town Clerk.

Municipal Offices, P.O. Box 1, Fochville, 2515.

14 February 1994.

(Notice No. 4/9/3/1994)

LOCAL AUTHORITY NOTICE 747

CITY OF JOHANNESBURG

CLOSURE AND SALE OF PART OF ERF 678, MEREDALE EXTENSION 7

[Notice in terms of sections 68 and 79 (18) (b) of the Local Government Ordinance, 1939]

The Council intends to close permanently a part of Erf 678, Meredale Extension 7, as a park and sell it by tender or public auction.

Details of the Council's resolution and a plan of the part of the erf to be closed and sold may be inspected during ordinary office hours at Room S216, Second Floor, Civic Centre, Braamfontein, Johannesburg.

Any person who objects to the proposed closing or sale or who will have any claim for compensation if the closing is effected must lodge such objection or claim with me on or before 8 April 1994.

N. PADAYACHEE,
Acting Town Clerk.

Civic Centre, Braamfontein, P.O. Box 1049, Johannesburg, 2000.

9 March 1994.

(M31/678)

LOCAL AUTHORITY NOTICE 748

CITY OF JOHANNESBURG

NOTICE OF DRAFT SCHEME

(AMENDMENT SCHEME 4558)

The City Council of Johannesburg hereby gives notice in terms of section 28 (1) (a) read in conjunction with article 55 of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986 (Ordinance No. 15 of 1986), that a draft town-planning scheme, to be known as Johannesburg Amendment Scheme 4558 has been prepared by it.

This scheme is an amendment scheme and contains the following proposals:

To rezone Portion 202 of Erf 461, Westbury Extension 3, from "Residential 1", 1 dwelling per 100 m² to "Business 1".

The effect is to sell the property with "Business 1" rights.

The draft scheme will lie for inspection during normal office hours at the office of the Town Clerk, c/o City Planning Department, Seventh Floor, Room 760, Civic Centre, Braamfontein, Johannesburg, for a period of 28 days from 9 March 1994.

Objections to or representations in respect of the scheme must be lodged with or made in writing to the Town Clerk at the above address or at P.O. Box 30733, Braamfontein, 2017, within a period of 28 days from 9 March 1994.

G. N. PADAYACHEE,
Town Clerk.

Civic Centre, Braamfontein, Johannesburg.

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 749**STADSRAAD VAN JOHANNESBURG****KENNISGEWING VAN GOEDKEURING****JOHANNESBURGSE-WYSIGINGSKEMA 3816**

Daar word hiermee ingevolge artikel 57 (1) (a) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986, kennis gegee dat die Stadsraad van Johannesburg die wysiging van die Johannesburgse dorpsbeplanningskema, 1979, goedgekeur het deur die hersonering van Erf 32, Blackheath, na "Besigheid 4" uitsluitend restaurante as 'n primêre reg—onderworpe aan voorwaardes.

Kaart 3 en die skemaklousules van die wysigingskema word op lêer gehou by die Direkteur-generaal: Transvaal Provinsiale Administrasie, Pretoria, en by die Direkteur: Stadsbeplanning, Johannesburg, Sewende Verdieping, Burgersentrum, Braamfontein, en is te alle redelike tye ter insae beskikbaar.

Hierdie wysiging staan bekend as Johannesburgse wysigingskema 3816.

G. N. PADAYACHEE,

Waarnemende Stadsklerk.

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 750**STADSRAAD VAN JOHANNESBURG****KENNISGEWING VAN GOEDKEURING****JOHANNESBURGSE WYSIGINGSKEMA 3996**

Daar word hiermee ingevolge artikel 57 (1) (a) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986, kennis gegee dat die Stadsraad van Johannesburg die wysiging van die Johannesburgse dorpsbeplanningskema, 1979, goedgekeur het deur die hersonering van Erwe 826 tot 827, en 836 tot 838, Houghton Estate, na "Residensieel 1" plus inrigtings ('n psigiatrisiese hospitaal ingesluit) as 'n primêre reg—onderworpe aan voorwaardes.

Kaart 3 en die skemaklousules van die wysigingskema word op lêer gehou by die Direkteur-generaal: Transvaal Provinsiale Administrasie, Pretoria, en by die Direkteur: Stadsbeplanning, Johannesburg, Sewende Verdieping, Burgersentrum, Braamfontein, en is te alle redelike tye ter insae beskikbaar.

Hierdie wysiging staan bekend as Johannesburgse Wysigingskema 3996 en sal in werking tree op 4 Mei 1994.

G. N. PADAYACHEE,

Waarnemende Stadsklerk.

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 751**STADSRAAD VAN JOHANNESBURG****KENNISGEWING VAN GOEDKEURING****JOHANNESBURGSE WYSIGINGSKEMA 4050**

Daar word hiermee ingevolge artikel 57 (1) (a) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986, kennis gegee dat die Stadsraad van Johannesburg die wysiging van die Johannesburgse dorpsbeplanningskema, 1979, goedgekeur het deur die hersonering van Erf 74, Waterval Estate, na "Residensieel 3"—onderworpe aan voorwaardes.

Kaart 3 en die skemaklousules van die wysigingskema word op lêer gehou by die Direkteur-generaal: Transvaal Provinsiale Administrasie, Pretoria, en by die Direkteur: Stadsbeplanning, Johannesburg, Sewende Verdieping, Burgersentrum, Braamfontein, en is te alle redelike tye ter insae beskikbaar.

Hierdie wysiging staan bekend as Johannesburgse Wysigingskema 4050 en sal in werking tree op 4 Mei 1994.

G. N. PADAYACHEE,

Waarnemende Stadsklerk.

LOCAL AUTHORITY 749**CITY COUNCIL OF JOHANNESBURG****NOTICE OF APPROVAL****JOHANNESBURG AMENDMENT SCHEME 3816**

It is hereby notified in terms of section 57 (1) (a) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986, that the City Council of Johannesburg has approved the amendment of the Johannesburg Town-planning Scheme, 1979, by the rezoning of Erf 32, Blackheath, to "Business 4" excluding restaurants as a primary right—subject to conditions.

Map 3 and the scheme clauses of the amendment scheme are filed with the Director-General: Transvaal Provincial Administration, Pretoria, and the Director: City Planning, Johannesburg, Seventh Floor, Civic Centre, Braamfontein, and are open for inspection at all reasonable times.

This amendment is known as Johannesburg Amendment Scheme 3816.

G. N. PADAYACHEE,

Acting Town Clerk.

LOCAL AUTHORITY NOTICE 750**CITY COUNCIL OF JOHANNESBURG****NOTICE OF APPROVAL****JOHANNESBURG AMENDMENT SCHEME 3996**

It is hereby notified in terms of section 57 (1) (a) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986, that the City Council of Johannesburg has approved the amendment of the Johannesburg Town-planning Scheme, 1979, by the rezoning of Erven 826 to 827 and 836 to 838, Houghton Estate, to "Residential 1" plus institutions (including a psychiatric hospital) as a primary right—subject to conditions.

Map 3 and the scheme clauses of the amendment scheme are filed with the Director-General: Transvaal Provincial Administration, Pretoria, and the Director: City Planning, Johannesburg Seventh Floor, Civic Centre, Braamfontein, and are open for inspection at all reasonable times.

This amendment is known as Johannesburg Amendment Scheme 3996 and will commence on 4 May 1994.

G. N. PADAYACHEE,

Acting Town Clerk.

LOCAL AUTHORITY NOTICE 751**CITY COUNCIL OF JOHANNESBURG****NOTICE OF APPROVAL****JOHANNESBURG AMENDMENT SCHEME 4050**

It is hereby notified in terms of section 57 (1) (a) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986, that the City Council of Johannesburg has approved the amendment of the Johannesburg Town-planning Scheme, 1979, by the rezoning of Erf 74, Waterval Estate, to "Residential 3"—subject to conditions.

Map 3 and the scheme clauses of the amendment scheme are filed with the Director-General: Transvaal Provincial Administration, Pretoria, and the Director: City Planning, Johannesburg, Seventh Floor, Civic Centre, Braamfontein, and are open for inspection at all reasonable times.

This amendment is known as Johannesburg Amendment Scheme 4050 and will commence on 4 May 1994.

G. N. PADAYACHEE,

Acting Town Clerk.

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 752**STADSRAAD VAN JOHANNESBURG****KENNISGEWING VAN GOEDKEURING****JOHANNESBURGSE WYSIGINGSKEMA 4221**

Daar word hiermee ingevolge artikel 57 (1) (a) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986, kennis gegee dat die Stadsraad van Johannesburg die wysiging van die Johannesburgse Dorpsbeplanningskema, 1979, goedgekeur het deur die herosenering van Erf 350 RE, Bramley, na "Residensieel 1" plus kantore, maar banke, bougenootskappe en mediese spreekkamers uitgesluit as 'n primêre reg—onderworpe aan voorwaardes.

Kaart 3 en die skemaklousules van die wysigingskema word op lêer gehou by die Direkteur-generaal: Transvaal Provinsiale Administrasie, Pretoria, en by die Direkteur: Stadsbeplanning, Johannesburg, Sewende Verdieping, Burgersentrum, Braamfontein, en is te alle redelike tye ter insae beskikbaar.

Hierdie wysiging staan bekend as Johannesburgse Wysigingskema 4221.

G. N. PADAYACHEE,

Waarnemende Stadsklerk.

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 753**STADSRAAD VAN JOHANNESBURG****KENNISGEWING VAN GOEDKEURING****JOHANNESBURGSE WYSIGINGSKEMA 4256**

Daar word hiermee ingevolge artikel 57 (1) (a) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986, kennis gegee dat die Stadsraad van Johannesburg, die wysiging van die Johannesburgse Dorpsbeplanningskema, 1979, goedgekeur het deur die herosenering van Erwe 1645 RE en 1646 RE, Houghton Estate, na "Residensieel 1" plus kantore maar uitgesonderd mediese spreekkamers, banke en bougenootskappe met die vergunning van die Stadsraad—onderworpe aan voorwaardes.

Kaart 3 en die skemaklousules van die wysigingskema word op lêer gehou by die Direkteur-generaal: Transvaalse Provinsiale Administrasie, Pretoria, en by die Direkteur: Stadsbeplanning, Johannesburg, Sewende Verdieping, Burgersentrum, Braamfontein, en is te alle redelike tye ter insae beskikbaar.

Hierdie wysiging staan bekend as Johannesburgse Wysigingskema 4256.

G. N. PADAYACHEE,

Waarnemende Stadsklerk.

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 754**STADSRAAD VAN JOHANNESBURG****KENNISGEWING VAN GOEDKEURING****JOHANNESBURGSE WYSIGINGSKEMA 4258**

Daar word hiermee ingevolge artikel 57 (1) (a) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986, kennis gegee dat die Stadsraad van Johannesburg, die wysiging van die Johannesburgse Dorpsbeplanningskema, 1979, goedgekeur het deur die herosenering van Erf 949, Fairland, na "Residensieel 2"—onderworpe aan voorwaardes.

Kaart 3 en die skemaklousules van die wysigingskema word op lêer gehou by die Direkteur-generaal: Transvaalse Provinsiale Administrasie, Pretoria, en by die Direkteur: Stadsbeplanning, Johannesburg, Sewende Verdieping, Burgersentrum, Braamfontein, en is te alle redelike tye ter insae beskikbaar.

Hierdie wysiging staan bekend as Johannesburgse Wysigingskema 4258 en sal in werking tree op 4 Mei 1994.

G. N. PADAYACHEE,

Waarnemende Stadsklerk.

LOCAL AUTHORITY NOTICE 752**CITY COUNCIL OF JOHANNESBURG****NOTICE OF APPROVAL****JOHANNESBURG AMENDMENT SCHEME 4221**

It is hereby notified in terms of section 57 (1) (a) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986, that the City Council of Johannesburg has approved the amendment of the Johannesburg Town-planning Scheme, 1979, by the rezoning of Erf 350 RE, Bramley, to "Residential 1" plus offices, excluding banks, building societies and medical suites as a primary right—subject to conditions.

Map 3 and the scheme clauses of the amendment scheme are filed with the Director-General: Transvaal Provincial Administration, Pretoria, and the Director: City Planning, Johannesburg, Seventh Floor, Civic Centre, Braamfontein, and are open for inspection at all reasonable times.

This amendment is known as Johannesburg Amendment Scheme 4221.

G. N. PADAYACHEE,

Acting Town Clerk.

LOCAL AUTHORITY NOTICE 753**CITY COUNCIL OF JOHANNESBURG****NOTICE OF APPROVAL****JOHANNESBURG AMENDMENT SCHEME 4256**

It is hereby notified in terms of section 57 (1) (a) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986, that the City Council of Johannesburg has approved the amendment of the Johannesburg Town-planning Scheme, 1979, by the rezoning of Erven 1645 RE and 1646 RE, Houghton Estate, to "Residential 1" plus offices, excluding medical consulting rooms, banks and building societies with the consent of the City Council—subject to conditions.

Map 3 and the scheme clauses of the amendment scheme are filed with the Director-General: Transvaal Provincial Administration, Pretoria, and the Director: City Planning, Johannesburg, Seventh Floor, Civic Centre, Braamfontein, and are open for inspection at all reasonable times.

This amendment is known as Johannesburg Amendment Scheme 4256.

G. N. PADAYACHEE,

Acting Town Clerk.

LOCAL AUTHORITY NOTICE 754**CITY COUNCIL OF JOHANNESBURG****NOTICE OF APPROVAL****JOHANNESBURG AMENDMENT SCHEME 4258**

It is hereby notified in terms of section 57 (1) (a) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986, that the City Council of Johannesburg has approved the amendment of the Johannesburg Town-planning Scheme, 1979, by the rezoning of Erf 946, Fairland, to "Residential 2"—subject to conditions.

Map 3 and the scheme clauses of the amendment scheme are filed with the Director-General: Transvaal Provincial Administration, Pretoria, and the Director: City Planning, Johannesburg, Seventh Floor, Civic Centre, Braamfontein, and are open for inspection at all reasonable times.

This amendment is known as Johannesburg Amendment Scheme 4258 and will commence on 4 May 1994.

G. N. PADAYACHEE,

Acting Town Clerk.

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 755**STADSRAAD VAN JOHANNESBURG****KENNISGEWING VAN GOEDKEURING****JOHANNESBURGSE WYSIGINGSKEMA 4302**

Daar word hiermee ingevolge artikel 57 (1) (a) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986, kennis gegee dat die Stadsraad van Johannesburg, die wysiging van die Johannesburgse Dorpsbeplanningskema, 1979, goedgekeur het deur die hersonering van Erf 56, Gedeelte 3, Wes Turffontein, na "Residensieel 4" plus kantore (behalwe mediese spreekkamers, banke en bouverenigings) met die vergunning van die Stadsraad—onderworpe aan voorwaardes.

Kaart 3 en die skemaklousules van die wysigingskema word op lêer gehou by die Direkteur-generaal: Transvaalse Provinsiale Administrasie, Pretoria, en by die Direkteur: Stadsbeplanning, Johannesburg, Sewende Verdieping, Burgersentrum, Braamfontein, en is te alle redelike tye ter insae beskikbaar.

Hierdie wysiging staan bekend as Johannesburgse Wysigingskema 4302.

G. N. PADAYACHEE,**Waarnemende Stadsklerk.****PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 756****STADSRAAD VAN JOHANNESBURG****KENNISGEWING VAN GOEDKEURING****JOHANNESBURGSE WYSIGINGSKEMA 4403**

Daar word hiermee ingevolge artikel 57 (1) (a) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986, kennis gegee dat die Stadsraad van Johannesburg, die wysiging van die Johannesburgse Dorpsbeplanningskema, 1979, goedgekeur het deur die hersonering van 'n deel van Erf 2446, Houghton Estate, na "Besigheid 4", mediese kamers, banke en bouverenigings uitgesluit as 'n primêre reg—onderworpe aan voorwaardes.

Kaart 3 en die skemaklousules van die wysigingskema word op lêer gehou by die Direkteur-generaal: Transvaalse Provinsiale Administrasie, Pretoria, en by die Direkteur: Stadsbeplanning, Johannesburg, Sewende Verdieping, Burgersentrum, Braamfontein, en is te alle redelike tye ter insae beskikbaar.

Hierdie wysiging staan bekend as Johannesburgse Wysigingskema 4403.

G. N. PADAYACHEE,**Waarnemende Stadsklerk.****PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 757****STADSRAAD VAN JOHANNESBURG****KENNISGEWING VAN GOEDKEURING****JOHANNESBURGSE WYSIGINGSKEMA 4461**

Daar word hiermee ingevolge artikel 57 (1) (a) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986, kennis gegee dat die Stadsraad van Johannesburg, die wysiging van die Johannesburgse Dorpsbeplanningskema, 1979, goedgekeur het deur die hersonering van Erf 2081, Gedeelte 1, Houghton Estate, na "Residensieel 1", een woonhuis per 1 500 m²—onderworpe aan gewysigde voorwaardes.

Kaart 3 en die skemaklousules van die wysigingskema word op lêer gehou by die Direkteur-generaal: Transvaalse Provinsiale Administrasie, Pretoria, en by die Direkteur: Stadsbeplanning, Johannesburg, Sewende Verdieping, Burgersentrum, Braamfontein, en is te alle redelike tye ter insae beskikbaar.

Hierdie wysiging staan bekend as Johannesburgse Wysigingskema 4461.

G. N. PADAYACHEE,**Waarnemende Stadsklerk.****LOCAL AUTHORITY NOTICE 755****CITY COUNCIL OF JOHANNESBURG****NOTICE OF APPROVAL****JOHANNESBURG AMENDMENT SCHEME 4302**

It is hereby notified in terms of section 57 (1) (a) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986, that the City Council of Johannesburg has approved the amendment of the Johannesburg Town-planning Scheme, 1979, by the rezoning of Erf 56, Portion 3, West Turffontein, to "Residential 4" plus offices (excluding medical consulting rooms, banks and building societies) with the consent of the City Council—subject to conditions.

Map 3 and the scheme clauses of the amendment scheme are filed with the Director-General: Transvaal Provincial Administration, Pretoria, and the Director: City Planning, Johannesburg, Seventh Floor, Civic Centre, Braamfontein, and are open for inspection at all reasonable times.

This amendment is known as Johannesburg Amendment Scheme 4302.

G. N. PADAYACHEE,**Acting Town Clerk.****LOCAL AUTHORITY NOTICE 756****CITY COUNCIL OF JOHANNESBURG****NOTICE OF APPROVAL****JOHANNESBURG AMENDMENT SCHEME 4403**

It is hereby notified in terms of section 57 (1) (a) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986, that the City Council of Johannesburg has approved the amendment of the Johannesburg Town-planning Scheme, 1979, by the rezoning of a part of Erf 2446, Houghton Estate, to "Business 4" excluding medical suites, banks and building societies as a primary right—subject to conditions.

Map 3 and the scheme clauses of the amendment scheme are filed with the Director-General: Transvaal Provincial Administration, Pretoria, and the Director: City Planning, Johannesburg, Seventh Floor, Civic Centre, Braamfontein, and are open for inspection at all reasonable times.

This amendment is known as Johannesburg Amendment Scheme 4403.

G. N. PADAYACHEE,**Acting Town Clerk.****LOCAL AUTHORITY NOTICE 757****CITY COUNCIL OF JOHANNESBURG****NOTICE OF APPROVAL****JOHANNESBURG AMENDMENT SCHEME 4461**

It is hereby notified in terms of section 57 (1) (a) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986, that the City Council of Johannesburg has approved the amendment of the Johannesburg Town-planning Scheme, 1979, by the rezoning of Erf 2081, Portion 1, Houghton Estate, to "Residential 1", one dwelling per 1 500 m²—subject to amended conditions.

Map 3 and the scheme clauses of the amendment scheme are filed with the Director-General: Transvaal Provincial Administration, Pretoria, and the Director: City Planning, Johannesburg, Seventh Floor, Civic Centre, Braamfontein, and are open for inspection at all reasonable times.

This amendment is known as Johannesburg Amendment Scheme 4461.

G. N. PADAYACHEE,**Acting Town Clerk.**

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 758**STADSRAAD VAN KEMPTON PARK****VOORGESTELDE PERMANENTE SLUITING EN MOONTLIKE VERVREEMDING VAN PARKERF 2327, DORP KEMPTON PARK-UITBREIDING 4**

Kennis geskied hierby ingevolge die bepalings van artikel 68 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, dat die Stadsraad van Kempton Park van voorneme is om Parkerf 2327, dorp Kempton Park-uitbreiding 4, permanent te sluit.

Kennis geskied ook hierby ingevolge die bepalings van artikel 79 (18) (b) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, dat die Stadsraad van Kempton Park van voorneme is om Parkerf 2327, dorp Kempton Park-uitbreiding 4, moontlik te vervreem.

'n Plan wat die grondgedeelte aandui wat die Stadsraad van voorneme is om te sluit, asook besonderhede van die voorgestelde moontlike vervreemding, sal gedurende normale kantoorure in Kamer 159, Stadhuis, Margaretlaan, Kempton Park, ter insae lê.

Iedereen wat enige beswaar teen die voorgestelde sluiting en moontlike vervreemding van die betrokke Parkerf het, moet sy beswaar of enige eis skriftelik by die ondergetekende indien, nie later nie as 12:00 op Woensdag, 13 April 1994.

H-J. K. MÜLLER

Stadsklerk.

Stadhuis, Margaretlaan (Posbus 13), Kempton Park.

9 Maart 1994.

(Kennisgewing No. 23/1994)

[Verwysing DA 5/5/1940(L)]

LOCAL AUTHORITY NOTICE 758**TOWN COUNCIL OF KEMPTON PARK****PROPOSED PERMANENT CLOSING AND POSSIBLE ALIENATION OF PARK ERF 2327, KEMPTON PARK EXTENSION 4 TOWNSHIP**

Notice is hereby given in terms of section 68 of the Local Government Ordinance, 1939, that it is the intention of the City Council of Kempton Park to permanently close Park Erf 2327, Kempton Park Extension 4 Township.

Notice is also hereby given in terms of section 79 (18) (b) of the Local Government Ordinance, 1939, that the City Council of Kempton Park intends to possible alienate Park Erf 2327, Kempton Park Extension 4 Township.

A plan indicating the portions of land the City Council intends to close as well as details of the proposed alienation will be open for inspection during normal office hours in Room 159, Town Hall, Margaret Avenue, Kempton Park.

Any person who has any objection to the proposed closing and possible alienation of the relevant Park Erf, shall lodge such objection or any claim in writing with the undersigned by not later than 12:00 on Wednesday, 13 April 1994.

H-J. K. MÜLLER

Town Clerk.

Town Hall, Margaret Avenue (P.O. Box 13), Kempton Park.

9 March 1994.

(Notice No. 23/1994)

[Reference DA 5/5/1940(L)]

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 759**STADSRAAD VAN KEMPTON PARK****VERKLARING TOT GOEDGEKEURDE DORP**

Ingevolge artikel 103 (1) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning, en Dorpe, 1986 (Ordonnansie No. 15 van 1986), verklaar die Stadsraad van Kempton Park hierby die dorp **Van Riebeeckpark-uitbreiding 21** tot 'n goedgekeurde dorp onderworpe aan die voorwaardes uiteengesit in die bygaande Bylae.

BYLAE

VOORWAARDES WAAROP DIE AANSOEK GEDOEN DEUR DIE WILLOWS ONE SHAREBLOCK (PTY) LIMITED (HIERNA DIE DORPSEIENAAR GENOEM) INGEVOLGE DIE BEPALINGS VAN DEEL C VAN DIE ORDONNANSIE OP DORPSBEPLANNING EN DORPE, 1986 (ORDONNANSIE No. 15 VAN 1986) OM TOESTEMMING OM 'N DORP TE STIG OP GEDEELTE 322 ('N GEDEELTE VAN GEDEELTE 20) VAN DIE PLAAS ZUURFONTEIN 33 IR TOEGESTAAN IS

1. STIGTINGSVOORWAARDES**(1) NAAM**

Die naam van die dorp is Van Riebeeckpark-uitbreiding 21.

(2) ONTWERP

Die dorp bestaan uit erwe en strate soos aangedui op Algemene Plan LG A9232/1990.

(3) BEGIFTIGING

Die dorpsseienaar moet kragtens die bepalings van artikel 98 (2) en (3) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986, aan die plaaslike bestuur as begiftiging 'n globale bedrag van R2 509,90 (twee duisend vyfhonderd en nege rand en negenig sent) betaal, welke bedrag deur die plaaslike bestuur aangewend moet word vir parkdoeleindes (openbare oop ruimte).

Sodanige begiftiging is betaalbaar kragtens die bepalings van artikel 81 van genoemde Ordonnansie.

(4) STORMWATERDREINERING

